# Die Ligdraer

*Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom*

**18 Februarie 2024**

# Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Toetredelied:** Psalm 118-2:5
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 150-1:1,2,3 en Lied 203:1,2
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Sing (Gebed):** Skrifberyming 10-2
**Skriflesing:** Handelinge 8:9-25
**Preek:**




**Tema:**
*’n Geloof met die verkeerde motiewe.*

**Nagmaal**
(Sing terwyl tafel in gereedheid gebring word; Psalm 23-1:3)
(Sing na elke tafel; Psalm 116-1)

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Psalm 116-1:7,9,10
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Emeritaatsversorging.

**DIENSBEURT:**



Vandag: Wyk 5
25 Februarie: Wyk 6
3 Maart : Wyk 7

**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**



Aangesien ons vandag weer ’n gemeente-ete na nagmaal het, is daar nie vandag tee en koffie na die erediens nie.

**KATKISASIE:**
Weens Nagmaal is daar nie vandag katkisasie nie. Die volgende katkisasie is volgende Sondag, 25 Februarie 2024.

**BYBELSTUDIE:**
Weens Nagmaal is daar nie vanmiddag bybelstudie nie. Die volgende bybelstudie is volgende Sondag, 25 Februarie 2024, om 17:00.

**GKSA EN ONS TEOLOGIESE OPLEIDING (3)**
WAT GEBEUR NOU MET DIE TEOLOGIESE SKOOL?
Die kerke het van die begin af duidelik verstaan dat predikantsopleiding die taak van die kerke is. Hiervoor is die eerste teologiese skool te Burgersdorp gevestig.
Al het die kerke toe al ook die belangrikheid van akademiese vorming erken, het die predikantsopleiding steeds by die Teologiese Skool plaasgevind. Die Teologiese Skool is ’n skool vanuit die kerke, vir die kerke.
Selfs al het die teologiese studente in die vroeër jare hulle grade aan UNISA verwerf, en sedert 1945 in ’n ooreenkoms met die PU vir CHO hulle grade aan die PUK verwerf, en sedert 2006 in ’n ooreenkoms grade aan die NWU verwerf, het dit die plek en taak van die Teologiese Skool nooit in gedrang gebring nie.
Kerk en staat (in hierdie konteks die Universiteit) bly twee selfstandige inrigtings. Tussen die twee vind samewerking en wisselwerking plaas, maar die een neem nie die plek van die ander een in of oor nie.
Met die besluit van Algemene Sinode 2023 om die totstandkoming van die GTA te aanvaar, neem die GTA nie die plek van die Teologiese Skool in of oor nie.
In Nederland het die Christelijk Gereformeerde Kerken ’n ander roete gevolg. Die Theologische School in Apeldoorn is omskep in die Theologische Universiteit Apeldoorn (TUA). In beginsel gee die kerke die teologiese opleiding prys aan die toesig van die staat.
Met die verandering wat in Suid-Afrika sedert 1997 (die Wet op Hoër Onderwys)

begin intree het, het die werklikheid uiteindelik gekom, wat in die minderheidsrapport by Sinode 1945 voorsien was oor die verhouding GKSA en die PU vir CHO. Die werklikheid is dat die kerke geen toesig meer het oor die leerinhoud en dosente in die akademiese opleiding van ons kandidaatstudente nie.
Die GTA is (om dit kortweg te stel) gestig om te fokus op die akademiese vorming van die studente. Die Teologiese Skool bly die skool vanuit die kerke en vir die kerke.
Predikante wat dus tot die 4e diens (doktore-amp) beroep word, verrig hulle diens aan die Teologiese Skool. Hulle is beroep om predikante op te lei, ooreenkomstig die vereistes wat die kerke stel (waaroor o.a. die Nasionale Sinodes van 1936, 1991 en 1994 besluite geneem het).

**LIEF EN LEED:**

- Een van ons lidmate, br. Dawie Griesel is Maandag oorlede. Sy troosdiens was Donderdag. Ons innige simpatie aan sy eggenote, sr. Rita Griesel (083 632 0976), en die res van die familie.
- Die volgende lidmate het sterftes in hulle familie gehad: Br. Chris Labuschagne (083 236 4169) se pa is verlede Saterdag oorlede; br. Ben Pieters (082 402 2818) se broer is verlede Sondag oorlede; ds. Jannie (083 995 038) en sr. Marthie (072 336 4266) se swaer (Marthie se suster se man) is verlede Vrydag oorlede; sr. Susan Murray (072 444 8272) se swaer (oorlede Peter se suster se man) is Maandag oorlede; sr. Ria Knoesen (084 577 7707) se niggie is oorlede. Ons innige simpatie en meelewing aan al hierdie families asook die waarvan ons dalk nie weet nie.
- Een van ons ou lidmate, Adrie Venter, is Woensdagoggend oorlede. Ons innige simpatie aan haar eggenoot, Dirk, en die res van die familie.
- Ons vra voorbidding vir ander lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.



## Ek Verjaar!





Die volgende lidmate verjaar tot 24 Februarie 2024

| | | |
|---|---|---|
| 19 Februarie | Esté Schepers | 083 753 1955 |
| 19 Februarie | Eckhard v. d. Walt | 083 273 4739 |
| 21 Februarie | Andries van Zyl | 071 642 4007 |
| 23 Februarie | Larissa Wasmüth | 061 711 5207 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

***Kontaknommers en besonderhede:***
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis:
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: Vrydag 08:00 - 13:00 (060 366 0166) admin@gkwelkom.co.za

**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

# Net 'n Gedagte

***35 Want hy wat my vind, het die lewe gevind en verkry 'n welbehae van die Here.***
***36 Maar hy wat my mis, benadeel sy eie lewe; almal wat my haat, het die dood lief.*** *~ Spreuke 8 ~*

***Dit is partykeer die armste man wat vir sy kinders die rykste erflatings nalaat.*** *~ Onbekend ~*

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE
GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA